# MELKBOK BESTUURSPROGRAM

Dit is ‘n goeie praktyk om ooie te sonar om vas te stel of hulle wel dragtig is en ook om vas te stel hoeveel lammers verwag word. As jy nie dekdatums aangeteken het nie sal dit ook vir jou ‘n goeie indikasie gee van watter stadium van dragtigheid die ooi is.
Tydens sonar sal jy ook ooie kan identifiseer wat Hidrometra (skyn dragtigheid) het en hulle na konsultasie met jou veearts behandel.

## OPDROOG VAN OOIE:

Dit is goeie praktyk om jou melkooie ten minste 8 weke voor hul lamdatum op te droog, party boere droog op 6 weke hul ooie op, maar ons moet onthou dat dragtigheid van 145 – 155 dae kan wees en my gevoel is dat sy eerder 2 weke langer rus as te kort.
**Hoe droog ons ‘n ooi in melk op?** Dit is belangrik om dit stelselmatig te doen, veral met ooie wat nog baie melk produseer.

- Neem alle kragvoer weg asook lusern of watter hoë proteien ru-voer jy gebruik.
- Verander na een melking per dag as jy twee maal per dag melk of elke 2de dag as jy een maal per dagmelk. Soos die melk minder word melk al hoe minder tot ooi heeltemal droog is.
- Dit nou ‘n goeie tyd om melkmonsters van jou ooie neem vir bakteriologiese ontleding by ‘n laboratorium.Al jou ooie, as jy dit kan bekostig, of net jou top produseerders en gevalle wat deur die jaar mastitis gehad net.
- Behandel net die positiewe gevalle met droë koei behandeling.Die laboratorium sal vir jou ‘n lys gee van middels wat effektief sal wees teen die spesifieke patogene wat geidentifiseer is. Konsulteer jou veearts.

**Hoekom moet die ooi rus? Soos jou grond wat goed geproduseer het, eers weer goed bemes en bewerk moet word voor jy die volgende oes insit.  Dieselfde beginsel is van toepassing op jou melkooi.**

- **Die uierweefsel moet herstel**

- **Die rumen moet herstel**
- **Die melkproduksie van die volgende laktasie word nou bepaal**
- **Die kwaliteit van bies word nou bepaal**
- **Onthou dat in die laaste 6 weke 72% van die lamontwikkeling plaasvind.**
- **Dit is dus belangrik dat die ooi op 'n goeie voedingspeil gehou word.**
- **Sy moet skraal, ligaam kondisie punt 2.5- 3 wees, maar nie te vet of te maer nie.**
- **Voer ooie volgens die aantal lammers wat hulle verwag.**

**ENT EN DOSEER PROGRAM VOOR LAM.**

**DOSERING:**

As ooie op weidings geloop het is die 'n goeie praktyk om al die ooie te doseer, neem mismonsters om te bepaal watter inwendige parasiete teenwoordig is, laat jou veearts 'n middel aanbeveel , waak teen die opbou van weerstand teen die aktiewe bestandele in die doseermiddels. Of as jy vertroud is met die **FAMACHA** stelsel, waar jy volgens die kleur van die oog se slymvlies die inwendige parasiet besmetting bepaal. Doseer slegs diere wat besmet is. Selekteer vir diere wat weerstanbiedend is teen inwendige parasiete.

Waar ooie nie wei nie, is dit wenslik om slegs op eiertellings van mismonsters te doseer.

**Doseer Vit A. met die opdroog van ooie, vit A speel 'n belangrike rol by die instandhouding van die slymvliese.**

**Dit is ook 'n goeie gebruik om 'n spoorelement aanvulling te doen, Embamin T, Multimin ens. Kry veearts se hulp in om te bepaal wat se te korte daar in jou omgewing en doseer der volgens.**

**ENTPROGRAM**

**GEBRUIK ENTPROGRAM OP WEBTUISTE**